DIE **WARE** BASIESE BEGINSELS VAN REKENINGKUNDE

Die doel van hierdie artikel is om die **ware** basiese beginsels van rekeningkunde te beklemtoon. Waarom die klem op **ware**? Dit is weens die verskeie *formules, reëls, resepte,* ens. wat in die aanvangsonderrig van rekeningkunde gebruik word. Hulle rig baie skade aan, aangesien leerders nie *gelei word om te ontdek, redeneer* en *verstaan* nie, maar hulle word *geleer of gedril om te doen.* Leerders word nie gelei om die *hoekom* (redes waarom sekere dinge gedoen word) te ontdek nie – hulle word die *wat-om-te-doen geleer,* ongeag of hulle dit verstaan al dan nie.

Die eindresultaat van die rekeningkundige proses is in die vorm van verslae en finansiële state. Hierdie verslae en state toon hoe ’n onderneming of organisasie gepresteer het en verskaf die nodige inligting om vir die toekoms te beplan. Die Balansstaat (Staat van finansiële posisie) is een van die betrokke state en toon die finansiële posisie van ’n onderneming op ’n spesifieke datum. Dit toon wat die onderneming besit (bates), wat hulle skuld (laste) en die verskil, wat as ekwiteit of eienaarsbelang bekend staan. As ons hierdie drie items in die vorm van ’n vergelyking skryf, kry ons: Bates – Laste = Eienaarsbelang. Ons werk egter normaalweg in rekeningkunde met positiewe bedrae. Daarom word die vergelyking, wat as die **basiese rekeningkundige vergelyking** bekend staan, geskryf as: Bates = Eienaarsbelang + Laste.

Hierdie basiese rekeningkundige vergelyking dek die WARE basiese beginsels van rekeningkunde. Alles wat in rekeningkunde gedoen word, is die **resultaat** van die *invloed wat transaksies het op een, twee of al drie van die elemente van die basiese rekeningkundige vergelyking*. Daar sal verder in die artikel weer hierna verwys word.

Die volgende tien transaksies van Rufus Loodgieters kan as ’n voorbeeld dien om hierdie stelling te steun:

1. Rufus begin sy onderneming, Rufus Loodgieters, deur ’n kapitaalbydrae van R80 000 in die lopende bankrekening van die onderneming te deponeer; kwitansie 001 word uitgereik.
2. Koop ’n voertuig van Bingo Motors; betaal R25 000 per tjek 001.
3. Reik tjek 002 vir R15 000 uit aan Coastal Winkels vir toerusting.
4. Betaal die plaaslike koerant, *Daily News*, vir advertensie, tjek 003, R400.
5. Huur ’n stoorkamer van Eerstestraat Eiendomme; betaal huur per tjek 004, R900.
6. Kontant ontvang vir dienste gelewer, kasregisterrol, R3 300.
7. Rufus Loodgieters koop ’n voertuig op krediet van Oxford Motors, R90 000.
8. Dienste gelewer op krediet aan J. Mapaka, faktuur A01 uitgereik, R6 000.
9. Rufus Loodgieters betaal Oxford Motors R20 000 per tjek 005 as gedeeltelike betaling van skuld.
10. Ontvang R4 000 van J. Mapaka as gedeeltelike betaling van sy rekening, kwitansie B01.

As ons die invloed van elk van die bostaande transaksies op die rekeningkundige vergelyking boekstaaf en ’n kumulatiewe opsomming na elke transaksie opstel, sal die oplossing soos volg lyk:


© Martin Snyman

**Invloed op die rekeningkundige vergelyking** (Die *rede* gegee is *belangrik* en moet *sin maak*.)

| | **Bates** | | **Eienaarsbelang** | | **Laste** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Invloed | Rede | Invloed | Rede | Invloed | Rede |
| 1. | +80 000 | Kontant vermeerder | +80 000 | Eienaar se kapitaalbydrae | | |
| 2. | –25 000<br>+25 000 | Kontant verminder<br>Voertuie vermeerder | | | | |
| 3. | –15 000<br>+15 000 | Kontant verminder<br>Toerusting vermeerder | | | | |
| 4. | –400 | Kontant verminder | –400 | Advertensies – uitgawe | | |
| 5. | –900 | Kontant verminder | –900 | Huur – uitgawe | | |
| 6. | +3 300 | Kontant vermeerder | +3 300 | Inkomste verdien | | |
| 7. | +90 000 | Voertuie vermeerder | | | +90 000 | Krediteure vermeerder |
| 8. | +6 000 | Debiteure vermeerder | +6 000 | Inkomste verdien | | |
| 9. | –20 000 | Kontant verminder | | | –20 000 | Krediteure verminder |
| 10. | +4 000<br>–4 000 | Kontant vermeerder<br>Debiteure verminder | | | | |

**Kumulatiewe opsomming na elke transaksie**

| *No.* | *Bates* | | *Eienaarsbelang + Laste* | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Kontant | R80 000 | Kapitaalbydrae | R80 000 |
| 2. | Kontant<br>Voertuie | 55 000<br>25 000<br>R80 000 | Kapitaalbydrae | 80 000<br><br>R80 000 |
| 3. | Kontant<br>Voertuie<br>Toerusting | 40 000<br>25 000<br>15 000<br>R80 000 | Kapitaalbydrae | 80 000<br><br><br>R80 000 |
| 4. | Kontant<br>Voertuie<br>Toerusting | 39 600<br>25 000<br>15 000<br>R79 600 | Eienaarsbelang | 79 600<br><br><br>R79 600 |
| 5. | Kontant<br>Voertuie<br>Toerusting | 38 700<br>25 000<br>15 000<br>R78 700 | Eienaarsbelang | 78 700<br><br><br>R78 700 |
| 6. | Kontant<br>Voertuie<br>Toerusting | 42 000<br>25 000<br>15 000<br>R82 000 | Eienaarsbelang | 82 000<br><br><br>R82 000 |
| 7. | Kontant<br>Voertuie<br>Toerusting | 42 000<br>115 000<br>15 000<br>R172 000 | Eienaarsbelang<br>Krediteure | 82 000<br>90 000<br><br>R172 000 |
| 8. | Kontant<br>Voertuie<br>Toerusting<br>Debiteure | 42 000<br>115 000<br>15 000<br>6 000<br>R178 000 | Eienaarsbelang<br>Krediteure | 88 000<br>90 000<br><br><br>R178 000 |


© Martin Snyman

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 9. | Kontant<br>Voertuie<br>Toerusting<br>Debiteure | 22 000<br>115 000<br>15 000<br>6 000 | Eienaarsbelang<br>Krediteure | 88 000<br>70 000 |
| | | R158 000 | | R158 000 |
| 10. | Kontant<br>Voertuie<br>Toerusting<br>Debiteure | 26 000<br>115 000<br>15 000<br>2 000 | Eienaarsbelang<br>Krediteure | 88 000<br>70 000 |
| | | R158 000 | | R158 000 |

Deur die kumulatiewe opsomming van die invloed van die tien transaksies op die rekeningkundige vergelyking te gebruik, kan ons soos volg aan die bestuur verslag doen:

| **Bates** | |
|---|---|
| Kontant in die bank | 26 000 |
| Voertuie met totale kosprys | 115 000 |
| Toerusting – koste | 15 000 |
| Debiteure skuld die onderneming | 2 000 |
| Totale bates dus | 158 000 |
| **Min Laste** | |
| Skuld aan krediteure | 70 000 |
| **Eienaarsbelang** | 88 000 |

| | |
|---|---|
| Eienaarsbelang ná die transaksies | 88 000 |
| Eienaar se kapitaalbydrae was | 80 000 |
| Netto inkomste/Wins | 8 000 |

Die kumulatiewe opsomming vertel ons egter nie:

- Wat die totale inkomste bedra het nie.
- Watter uitgawes aangegaan is nie.
- Enige ander inligting wat die bestuur moontlik sou wou weet nie.

Die hoofdoel van rekeningkunde is om inligting in die vorm van verslae of finansiële state te verskaf om besluitneming vir die bestuur moontlik te maak. Hiervoor is ’n stelselmatige metode vir boekstawing in rekeninge noodsaaklik. Dis hier waar grootboekrekeninge handig te pas kom. Grootboekrekeninge word as ’n hulpmiddel gebruik om meer inligting beskikbaar te maak. ’n Afsonderlike grootboekrekening kan byvoorbeeld vir elke bate, las en uitgawe oopgemaak word, asook een (of meer) om die onderneming se inkomste te boekstaaf. Dit beteken egter **nie** dat grootboekrekeninge deel is van die **ware** basiese beginsels van Rekeningkunde nie. Grootboekrekeninge is ’n **hulpmiddel** – en dis al.

Die invloed van die tien transaksies in die voorbeeld op die rekeningkundige vergelyking toon duidelik dat bates, eienaarsbelang en laste kan vermeerder of verminder, afhangende van die betrokke transaksie. Grootboekrekeninge is in die vorm van ’n hoofletter T en word T-rekeninge genoem. Vermeerderinge word aan die een kant en verminderinge aan die ander kant van die rekening aangeteken. Die naam van die rekening word bo-aan in die middel geskryf. Die linkerkant van die rekening word die *debietkant* en die regterkant die *kredietkant* genoem. Rekeninge word in ’n boek, genoem die *Algemene grootboek*, gehou.

Elke T-rekening word deur die naam wat bo-aan in die middel geskryf is, geïdentifiseer. Daar is reëls wat ons *in staat stel om logies te redeneer* om te besluit watter rekening ons moet debiteer en watter


© Martin Snyman

rekening ons moet krediteer. Hierdie reëls is op alle transaksies van toepassing en is *die enigste reëls* wat leerders hoef te ken. Hulle is:

| Dt. BATES | Kt. |
|---|---|
| Vermeerder met 'n debiet-inskrywing | Verminder met 'n krediet-inskrywing |

=

| Dt. EIENAARSBELANG | Kt. |
|---|---|
| Verminder met 'n debiet-inskrywing | Vermeerder met 'n krediet-inskrywing |

\+

| Dt. LASTE | Kt.. |
|---|---|
| Verminder met 'n debiet-inskrywing | Vermeerder met 'n krediet-inskrywing |

INKOMSTEREKENINGE

| | |
|---|---|
| | Word gekrediteer *omdat* inkomste eienaarsbelang vermeerder |

UITGAWEREKENINGE

| | |
|---|---|
| Word gedebiteer *omdat* uitgawes eienaarsbelang verminder | |

As ons vereenvoudigde grootboek T-rekeninge van die invloed van die tien transaksies in die voorbeeld op die rekeningkundige vergelyking opstel, sal die oplossing soos volg lyk:

**Algemene grootboek van Rufus Loodgieters**

***Baterekeninge***

Dt. BANK Kt.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Kapitaal | 80 000 | 2. | Voertuie | 25 000 |
| 6. | Lopende inkomste | 3 300 | 3. | Toerusting | 15 000 |
| 10. | Debiteure | 4 000 | 4. | Advertensies | 400 |
| | | | 5. | Huuruitgawe | 900 |
| | | | 9. | Krediteure | 20 000 |

Dt. VOERTUIE Kt.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2. | Bank | 25 000 | | | |
| 7. | Krediteure | 90 000 | | | |

Dt. TOERUSTING Kt.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3. | Bank | 15 000 | | | |

Dt. DEBITEURE Kt.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 8. | Lopende inkomste | 6 000 | 10. | Bank | 4 000 |

***Rekeninge wat eienaarsbelang beïnvloed***

Dt. KAPITAAL Kt.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1. | Bank | 80 000 |

Dt. ADVERTENSIES Kt.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 4. | Bank | 400 | | | |

Dt. HUURUITGAWE Kt.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5. | Bank | 900 | | | |

Dt. LOPENDE INKOMSTE Kt.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | 6. | Bank | 3 300 |
| | | | 8. | Debiteure | 6 000 |


© Martin Snyman

***Laste***

| Dt. | | KREDITEURE | | | Kt. |
|---|---|---|---|---|---|
| 9. | Bank | 20 000 | 7. | Voertuie | 90 000 |

Hoewel grootboekrekeninge nie deel vorm van die ware basiese beginsels van rekeningkunde nie, verskaf hulle meer inligting as die kumulatiewe opsomming wat ons opgestel het. Die Lopende inkomserekening wys ons dat die totale inkomste R9 300 (dienste gelewer vir kontant R3 300 en dienste gelewer op krediet R6 000) bedra het. Die uitgawerekeninge (Advertensies en Huuruitgawe) wys ons dat die uitgawes aangegaan R400 vir advertensies en R900 vir huur was. Totale uitgawes dus R1 300. Die netto inkomste (wins) kan dus as R(9 300 – 1 300) = R8 000 bereken word. Hierdie berekening word normaalweg gedoen deur ’n Inkomstestaat op te stel.

Die Bankrekening wys ons hoeveel geld ontvang is R(80 000 + 3 300 + 4 000) = R87 300 en hoeveel geld uitbetaal is R(25 000 + 15 000 + 400 + 900 + 20 000) = R61 300. Daar moet dus nog R(87 300 – 61 300) = R26 000 in die bank wees.

Die Voertuierekening wys ons dat twee voertuie gekoop is. Een vir kontant (R25 000) en een op krediet (R90 000). Die totale koste van die twee voertuie is dus R115 000.

Die Toerustingrekening wys ons dat toerusting teen ’n koste van R15 000 kontant gekoop is.

Die Debiteurerekening wys ons dat dienste teen ’n koste van R6 000 op krediet gelewer is en dat R4 000 van hierdie bedrag deur die debiteur betaal is. Debiteure skuld dus nog vir Rufus Loodgieters R2 000 (6 000 – 4 000).

Die Krediteurerekening wys ons dat ’n voertuig teen ’n koste van R90 000, op krediet gekoop is en dat R20 000 reeds aan die krediteur betaal is. Rufus Loodgieters skuld dus nog R70 000 aan krediteure.

Die rekeningkundige vergelyking behoort te balanseer indien ons berekeninge korrek is.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Bank | 26 000 | | Kapitaalbydrae | 80 000 | | Krediteure | 70 000 |
| Voertuie | 115 000 | | Netto inkomste/Wins | 8 000 | | | |
| Toerusting | 15 000 | | | | | | |
| Debiteure | 2 000 | | | | | | |
| **Bates** | 158 000 | **=** | **Eienaarsbelang** | 88 000 | **+** | **Laste** | 70 000 |

Terug na die stelling: Alles wat in rekeningkunde gedoen word, is die **resultaat** van die *invloed wat transaksies het op een, twee of al drie van die elemente van die basiese rekeningkundige vergelyking*.

Die invloed op die rekeningkundige vergelyking toon duidelik dat bates, eienaarsbelang en laste kan vermeerder of verminder, afhangende van die betrokke transaksie. Wanneer ons die reëls wat ons *in staat stel om logies te redeneer* om te besluit watter rekening ons moet debiteer en watter rekening ons moet krediteer, toepas, vind ons dat een rekening gedebiteer *sal word* en ’n ander rekening met *dieselfde bedrag* gekrediteer *sal word*. Dit het gelei tot wat bekend staan as die dubbelinskrywings-beginsel of dubbelinskrywingstelsel. Dit is egter nie ’n beginsel in eie reg nie – die dubbelinskrywingsbeginsel/stelsel is die *resultaat* van die *invloed van transaksies* op die elemente van die rekeningkundige vergelyking.

Ons het tien transaksies gebruik in die voorbeeld wat hierbo bespreek is. In die meeste ondernemings vind daar egter daagliks groot getalle transaksies plaas. Dit sou ’n onbegonne taak wees om elkeen van hierdie transaksies in grootboekrekeninge te boekstaaf. Dit is hier waar hulpjoernale handig te pas kom. Hulpjoernale word as ’n hulpmiddel gebruik om soortgelyke transaksies op te som voordat hulle


© Martin Snyman

na die grootboek oorgeboek word. Dit beteken egter NIE dat hulpjoernale deel vorm van die WARE basiese beginsels van rekeningkunde nie. Hulpjoernale is ’n HULPMIDDEL – en dis al!

Volledigheidshalwe word die **boekstawingsprosedure van rekeningkunde** hieronder skematies uiteengesit:

<table>
<tr><td>Transaksie</td><td></td></tr>
<tr><td>Basiese beginsels van rekeningkunde:<br>Invloed op B, E en L<br>(“Wat het gebeur?”)</td><td>Hulpjoernale/-boeke (Boeke van eerste inskrywing)<br>Hulle vorm nie deel van die ‘basiese beginsels van rekeningkunde’ nie.</td></tr>
<tr><td rowspan="2">↓<br>↓<br>↓<br>↓<br>↓<br>↓<br>↓<br>↓<br>↓<br>↓<br>↓<br>↓<br>↓<br>↓<br>↓</td><td>Kontantontvangstejoernaal (som alle kontant ontvang op)<br>Kontantbetalingsjoernaal (som alle tjekbetalings op)<br>Kleinkasjoernaal (som alle kleinkasbetalings op)<br>Debiteurejoernaal (som die kredietverkope van handelsware op)<br>Krediteurejoernaal (som alle kredietaankope op)<br>Debiteureafslagjoernaal (som terugsendings deur debiteure op)<br>Krediteureafslagjoernaal (som terugsendings aan krediteure op)<br>(Die enigste doel van bostaande hulpjoernale is om soortgelyke transaksies op te som. Elkeen som een tipe transaksie op.)<br>Benewens die gespesialiseerde hulpjoernale hierbo, word ’n Algemene joernaal gebruik om transaksies wat nie in enige van die ander hulpjoernale tuishoort nie, te boekstaaf.)</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Hulpjoernale word aan die einde van elke maand na die Algemene grootboek oorgeboek. Leerders moet verstaan wat die totale van die onderskeie ontledingskolomme in die betrokke hulpjoernaal beteken en dan die reëls wat ons in staat stel om logies te redeneer om te besluit watter rekening ons moet debiteer en watter rekening ons moet krediteer, toepas.</td></tr>
<tr><td>Grootboekinskrywings:<br>Rek te debiteer<br>Rek te krediteer</td></tr>
</table>

Terug na die stelling: Alles wat in rekeningkunde gedoen word is die **resultaat** van die *invloed wat transaksies het op een, twee of al drie van die elemente van die basiese rekeningkundige vergelyking*.

Hulpjoernale word aan die einde van elke maand na die Algemene grootboek oorgeboek. Leerders moet verstaan *wat die totale* van die onderskeie ontledingskolomme in die betrokke hulpjoernaal *beteken* en dan die reëls wat ons *in staat stel om logies te redeneer* om te besluit watter rekening ons moet debiteer en watter rekening ons moet krediteer, toepas.Dieselfde *logiese redenering* is deurgaans van toepassing wanneer transaksies in grootboekrekeninge geboekstaaf word of wanneer hulpjoernale na grootboekrekeninge oorgeboek word.

Dit maak sin om die WARE basiese beginsels as ’n vertrekpunt vir die aanvangsonderrig van rekeningkunde te gebruik. Die metodologie wat bespreek is, eindig egter nie hier nie. Wees deurgaans *konsekwent in al die grade*. Dan sal u vind dat dit nie vir die leerders nodig sal wees om ’n formule te gebruik om inkomste- en uitgawerekeninge te identifiseer om ’n Inkomstestaat te kan opstel nie. Laat die leerders dus eers die invloed van *alle nuwe transaksies* op die rekeningkundige vergelyking oorweeg, en dan uitredeneer watter inskrywing gemaak moet word om die betrokke invloed te boekstaaf. Sodoende sal jy **die leerders bemagtig om vir hulself te dink en te redeneer** en sal hulle spoedig in staat wees om op hul eie te werk.


© Martin Snyman

Jy kan meer oor die metodologie lees in die artikel *Rekeningkunde: Begelei jy of onderrig jy net?* en die opvolgartikel: *Rekeningkunde: Hoe om te begelei – nie net te onderrig nie!* Albei hierdie artikels kan van Via Afrika se webtuiste, http://www.viaafrika.com/downloads-page/ afgelaai word.

Die artikels is ook in Engels beskikbaar (*Accounting: Do you guide or do you just teach?* en *Accounting: How to guide – not just teach!*) op dieselfde webtuiste.


© Martin Snyman